


**12 APRIL 2026**

# 1 Petrus 1:3–13

**Welkom terug – ons is in die Tweede Kwartaal**
Deel met mekaar wat almal oor die Paasnaweek gedoen het.

**Inleiding**
Het jy al ooit gevoel asof die wêreld bietjie te veel word? In hierdie gedeelte skryf Petrus aan mense wat swaarkry, maar hy begin nie met simpatie nie — hy begin met 'n oorwinningslied. Hy herinner ons dat ons hoop nie op sand gebou is nie, maar op 'n lewende Jesus.

**Agtergrond**
Die Skrywer van hierdie gedeelte is Petrus, die dissipel wat Jesus drie keer verloën het, maar deur genade herstel is. Hy weet wat dit beteken om weer van voor af te begin.
Die lesers van hierdie gedeelte was Christene wat uitmekaar gejaag is deur vervolging. Hulle was vreemdelinge in 'n vyandige wêreld, bang vir wat die môre sou bring.
Petrus wil vir hulle sê: Julle omstandighede mag dalk tydelik sleg wees, maar julle toekoms by God is permanent en veilig. Ons word deur die krag van God bewaar - deur die geloof, tot die einde toe.

**Gesels saam**
1. Vers 3 en 4: Petrus praat van 'n "lewende hoop" en 'n erfenis wat nooit kan vergaan nie. Wat is die verskil tussen "wêreldse hoop" (om te hoop om die lotto wen) en die "lewende hoop" waarvan Petrus hier praat?
2. Vers 6: Petrus sê ons kan ons verheug, selfs al gaan dit nie altyd goed met ons nie, al verander ons omstandighede nie, al word ons beproef, soos Petrus dit stel. Is dit volgens jou moontlik om tegelykertyd hartseer te wees oor swaarkry en bly te wees in die Here? Deel julle ervarings.
3. Wat gebeur met ons as die lewe hard is en nie soos ons dit wou hê nie?
4. Petrus sê ons het Jesus lief sonder dat ons Hom fisies gesien het. Wat help jou persoonlik om jou verhouding met Jesus "lewendig" te hou al kan jy Hom nie sien nie?
5. Kom ons gesels oor God se genade. Is vir ons vanselfsprekend of besef ons wat dit is?
6. Berei julle verstand voor: Die ou vertaling sê: "Omgord die lendene van julle verstand." In die antieke wêreld het mense hulle lang klere in hulle gordels ingesteek om te kan hardloop of werk. Petrus sê eintlik dis nie jou lyf wat jy moet voorberei nie, dis jou kop – jou verstand. Wat is een praktiese ding wat jy hierdie week kan doen om jou gedagtes meer op God se genade te fokus en minder op jou probleme?

**Afsluiting**
Dank die Here vir die "lewende hoop" wat nie afhang van ons situasie nie, maar van Sy opstanding. Vra vir krag vir enigiemand in die groep wat tans deur 'n moeilike tyd gaan.